Saterdag **5 Oktober**

**Skrifgedeelte: Eksodus 6:1-8**

**Fokusgedeelte: Eksodus 6:1-8**

**Die HERE sorg self vir redding as verbondsvervulling**

Daar kom oordeel vir daardie sondaars wat hulle nie van hulle goddeloosheid bekeer en op Christus vertrou vir redding nie, die gevreesde tweede dood – die ewige poel van vuur – wat in Openbaring 20:11-15 beskryf word.

God is egter genadig en verlustig Hom nie in die vernietiging van die goddeloses nie (Eseg. 33:11). Daarom het ons Skepper ’n weg gebaan vir gevalle mans en vroue om uit hierdie oordeel gered te word, ’n weg wat ook waarborg dat hulle seën in die nuwe hemel en aarde sal geniet. Hierdie manier van ontsnapping is eenvoudig, en dit was in wese dieselfde deur die geskiedenis. Al wat nodig is om uit die oordeel gered te word en in ’n volle, geseënde verhouding met die Here herstel te word, is om Hom as die groot Verlosser te omhels. Deur alle pogings om onsself te red uit die weg te ruim, kan ons bevry word van die staat waarin ons gebore is – verraaiers wat weier om voor God as Koning te buig en eerder onsself dien.

Dit is die punt van Eksodus 6:1-8. Deur Moses op te roep om die Israeliete uit Egiptiese slawerny te lei, het die HERE belowe om die Een te wees wat hulle van hulle laste sou red en hulle in ’n nuwe verhouding met Homself sou verlos. Al wat die Israeliete moes doen, was om hulle planne van selfredding te laat vaar en eerder te wag dat God sy uitgestrekte arm beweeg en die Egiptenaars oordeel (vs 6-8).

Om ’n mens se lot in die hande van die HERE, die Verlosser te plaas, bly die enigste manier om uit die oordeel gered te word. As Nuwe-Testamentiese gelowiges weet ons dat dit Christus, die Verlosser is wat uiteindelik God se belofte vervul om sy volk van ewige sondeslawerny te bevry (Matt. 1:21). Geloof alleen in die groot Verlosser verlos ons uit ballingskap. Ons moet dit slegs maar omhels en glo.

*Sing: Psalm 116-1:1, 2, 5*

*Ds. GD (Orrie) Oosthuizen (Vaalharts)*